NOTULE VAN DIE MAANDVERGADERING GEHOU OP 8 NOVEMBER 2010 BY DIE JOHOTTO NASKOOLSENTRUM, LES MARAIS.

Voorsitter	**Sekretaris**	**Tesourier**
S Spangenberg	HB Groenewald	H Van Wyk
Tel 0824678422	Tel (012) 6547438	Tel 0824145435
	0834694349	
	E-pos :agroenewald65@vodamail.co.za	

1.0 Opening.

1.1 Chris Snyman open met gebed waarna die Visie-voorsitter almal teenwoordig welkom heet.

2.0 Teenwoordig.

2.1 CJJ Snyman (President), NJ Van Niekerk (Visie-voorsitter), HB Groenewald (Sekretaris), H Van Wyk (Tesourier), SH Erasmus, DD Fourie, NL Greyling, FC Hefer, RM Heunis, DWJ Jacobsz, MT Mey, P Serfontein, CD Venter, I Weyer en LE Weyer.

2.2 Verskoning:
JPA Spangenberg en H Erasmus.

3.0 Nuwe lede.

3.1 Geen nuwe aansoeke is ontvang nie.

4.0 Lief en Leed

4.1 Die volgende lede herdenk hul geboortedag gedurende November en Desember en gelukwense word aan hulle oorgedra:
November: L Fernandes (17de) en JPA Spangenberg (22ste)
Desember: JM Hitge (22ste), NJ Van Niekerk (27ste) en CI Weyer (30ste).

4.2 Buks Grobbelaar het ‘n dogertjie ryker geword en gelukwense word aan hom oorgedra.

4.3 Daar is met leedwese kennis geneem dat die seun van Jan Botha (Priester) oorlede is.

4.4 Willie Smit het ‘n oogoperasie ondergaan en Francois Du Preez ‘n knieoperasie. Spoedige beterskap word hulle toegebid.

4.5 Robert Heunis ondergaan gedurende Januarie 2011 ‘n nekoperasie. ‘n Suksesvolle operasie word hom toegewens.

5.0 Fondsinsameling.

5.1 Die lede van Yorkshire/Norwich Kanaries is verantwoordelik vir die maandelikse fondsinsameling by die Januarie maandvergadering.

6.0 Bevestiging van notule van vorige vergadering.

6.1 Die notules van die September en Oktober 2010 maandvergaderings word goedgekeur.

7.0 Sake voortspruitend.

7.1 Rosette.

7.2.1 ‘n Bedrag vir rosette is nog deur die Gloster en Posture Kanarieklub verskuldig en ten einde die bedrag te verhaal moet ‘n uiteensetting van die rosette en bedrag verskuldig voorberei word. Nico Van Niekerk onderneem om hierdie saak die nodige aandag te skenk. ‘n Paslike skrywe sal daarna aan die betrokke klub gerig word vir die betaling van die verskuldigde bedrag.

7.2 Winterskou (4 en 5 Junie 2011)

7.2.1 Skoubestuur

Die volgende lede word vir die skoubestuur gekies:
Sias Spangenberg, Neville Greyling en Rassie Erasmus.

7.2.2 Spesieverteenwoordigers.

Die volgende spesieverteenwoordigers word gekies:

Yorkshire Kanaries	Rassie Erasmus
Border Kanaries	Hennie Van Wyk
Norwich Kanaries	Rassie Erasmus
Red Factor Kanaries	Dries Jacobsz
Kleur Kanaries	Neville Greyling
Gloster Kanaries	Francois Du Preez
Dutch Frills	Do Mare
Parisian Frills	Buks Grobbelaar
Lizard Kanaries	Jan Botha
Roller Kanaries	Roy Williams
Fife Kanaries	Petro Serfontein
Suid-Afrikaanse en Uitheemse Voëls	Les Weyer en Herman Groenewald

7.2.2 Beoordelaars vir skou.

Die volgende beoordelaars word genomineer vir die skou:

Yorkshire Kanaries	C Fagan
Fiorino Kanaries	Do Mare
Norwich Kanaries	C Fagan
Red Factor Kanaries	P Brummage
Kleur Kanaries	J Reyneke
Lizard Kanaries	Jan Botha
Roller Kanaries	LW Blom
Fife Kanaries	N Cawood

7.3 Advertensie vir items te koop/verkoop.

7.3.1 Robert Heunis soek dringend twee wyfie Yorkshire en twee wyfie Kleur Kanaries Hy kan by telefoonnommer 012 379109 gekontak word.

7.4 Webruimte.

7.4.1 Nico Van Niekerk gee terugvoering oor die vordering met die webruimte. ‘n Beroep word op lede gedoen om enige inligting van belang aan hom deur te gee vir plasing op die webruimte. Die adres van die webruimte is www.pcbc.co.za

7.5 Bespreking oor raap.

7.5.1 Kennis word geneem dat die dame wat die aanbieding moes doen, ongelukkig ongesteld is en dat die aanbieding moontlik by die Januarie 2011 maandvergadering gedoen sal word.

8.0 Finansiëleverslag.

8.1 Die finansiëlestate vir Augustus, September en Oktober 2010 word ter tafel geneem en goedgekeur.

9.0 SANCBA.

9.1 Die notule van die vergadering gehou op 4 November 2010 is ontvang en kennis word geneem van die volgende aspekte:

9.1.1 Les Drake is weens ‘n onreëlmatigheid vir ‘n tydperk van drie jaar geskors.

9.1.2 Daar is nie ‘n standaard kleurkode vir Angel Blue nie. Die formule is Plascon Angel Blue B27-3.

9.1.3 Die skoudatums vir 2011 is goedgekeur en gaan hierby as ‘n aanhangsel.

10.0 **NRCBA**.

10.1 Die notule van die vergadering gehou op 16 September 2010 is ontvang en kennis word geneem van die inhoud daarvan.

11.0 Korrespondensie.

11.1 'n Skrywe is vanaf Indaba Nyoni Klub ontvang waarin versoek word om die stellassies van die klub te gebruik tydens die Provinsiale Somerskou wat op 19 Februarie 2011 in samewerking met die Jakaranda Show Budgie Assosiasie aangebied word. Die versoek is ooreenkomstig 'n ooreenkoms aangegaan tussen Pretoria Kouvoëlklub en Indaba Nyoni Klub. Die versoek word goedgekeur.

12.0 Algemeen.

12.1 **Jongvoëlskou**.

12.1.1 Daar word besluit om die Jongvoëlskou op 14 Mei 2011 aan te bied. Die aspek oor die lokaal sal later uitgeklaar word.

12.1.2 Daar word besluit om die volgende beoordelaars te nomineer:

Suid-Afrikaanse Voëls	Louis Koen
Afrika	Louis Koen
Uitheemse Voëls	F Barnicoat
Hybrids	F Barnicoat
Mules	F Barnicoat
Bengalese	F Barnicoat
Krombekke	M Viljoen
Gouldian Vinke	F Barnicoat
Zebra Vinke	H Cawood
Yorkshire Kanaries	Rassie Erasmus
Borders	Ludwich Blom
Norwich Kanaries	D Mare
Red Factor Kanaries	Dries Wiese
Kleur Kanaries	Louis Jordaan
Gloster Kanaries	Theo Oates
Dutch Frills	N Cawood
Parisian Frillsd	N Cawood
Lizard Kanaries	N Cawood
Roller Kanaries	Ludwich Blom
Fife Kanaries	H Cawood.

12.2 E-pos adres.

12.2.1 Kennis word geneem dat die weerlig die modem van die rekenaar van die Sekretaris uitgeslaan het. Die volgende e-pos adres moet tot verdere kennisgewing gebruik word: agroenewald65@vodamail.co.za

12.3 Fondsinsameling.

12.3.1 Kennis word geneem dat fondse bekom kan word deur 'n mimum van 200 kaartjies vir vertonings by Barn Yard te koop teen R60,00 per persoon en dat die klublede dit vir R100,00 kan verkoop. Die tydperk betrokke is vanaf 18 Mei 2011 tot 11 November 2011. Daar word besluit dat die ander drie klubs ook in die saak geken word en dat die saak sal oorstaan tot die volgende vergadering.

12.4 **Saadbestellings**.

12.4.1 Kennis word geneem dat indien groot bestellings vir saad by 'n saadverspreider geplaas word, 'n afslag van tussen 10% tot 15% gegee sal word.

13.0 Maandelikse aktiwiteite

13.1 'n Aanbieding oor raap sal by die volgende vergadering gedoen word.

14.0 Afsluiting.

14.1 ‘n Geseënde Kersfees en Voorspoedige Nuwe Jaar word alle lede en hul gesinne toegewens.

14.2 Die vergadering verdaag om 20:00.

14.3 Die volgende vergadering vind plaas om 19:00 op 17 Januarie 2011.

S Spangenberg.
Voorsitter
17 Januarie 2011.

HB Groenewald
Sekretaris